

# Waar is God te midde van misdaad?



**Christo van der Merwe** is 'n gemeenteleraar in die Nederduitsch Hervormde Kerk gemeente Kemptonpark-Oos. Hy is ook deeltydse dosent by die Hervormde Teologiese Kollege, asook by AIM (sendingopleiding). Sy passie is missionale gemeentebou en fasilitering.

Die onderwerp *Waar is God te midde van misdaad?* het my aanvanklik met 'n gevoel van moedelose onmag gelaat. Byna soos die diepgrypende voorbeeld wat Johan Cilliers gebruik in een van sy preke in die boek *Sal die regte Jesus opstaan asseblief?* Hy skryf:

“In 'n aangrypende outobiografie, geskryf deur iemand wat die hel van die Duitse konsentrasiekampe tydens die Tweede Wêreldoorlog oorleef het, staan daar 'n merkwaardige sin. Dit lui min of meer soos volg: ‘Toe God die Joodse vroue gesien het wat nakend en bibberend in rye voor die gaskamers gestaan het waar hulle binnekort om die lewe gebring sou word, het hy vanuit die hemel sy hand uitgesteek en hulle hare gestreel.’”

Die sin kan – dit was ook die skrywer se bedoeling daarmee – 'n mens 'n hele ent weg troos.

Dit kan jou egter ook, as jy bietjie langer daarvoor nadink, geweldig opstandig maak. Hoewel Johan se preek nie oor misdaad as sodanig gaan nie, is dit wat hy van die konsentrasiekamp-episode beskryf tóg van toepassing. Johan vra: “Is dit nou ál wat God kan doen? Hou sy bystand hiermee op? Kon Hy nie

eerder met hierdie hand van Hom die vroue voor die gaskamers weggepluk en gered het nie? Kon Hy nie die deure van die gaskamers, van alle gaskamers vir eens en vir altyd gesluit het nie? Kon Hy nie die mense wat sulke bouse dinge bedink het, vir ewig in die verdoemenis weggewerp het nie?”

Wat daardie vroue tog nodig gehad het, was nie vertroeteling nie, maar verlossing, nie meegevoel nie, maar mag. Waarom iemand se hare streel, net om haar daarna na lewensasem te laat hyg? Harestreel is 'n troos, maar die Here weet, as jy voor 'n gaskamer staan, en jóú beurt kom al nader is dit net 'n té skrale troos“ (1997:88).

Die vraag vir baie mense – so lyk dit my – is waarom God nie in een grootse skuif die bouse bedoelings uit die hart van die bouse mense uithaal en die moord en die ongeregtheid en die misdaad summier stopsit nie? Beter nog: Waarom nie die Bouse self met 'n enkele, goedgemikte doodskoot in sy spore stuit nie? Waarom nie? *Kán* God nie? Of erger: *Wil* Hy nie?

Dié soort vrae word veral akuut as jy self deel van die misdaadstatistiek word. Ek wil nie voorgee dat ek die antwoorde op hierdie vrae ken nie – trouens, ek het dit nie! Ook nie dat daar maklike antwoorde is nie – daar is nie.

## Merkwaardige vroue

Wat ek wel kan doen, is om die verhaal te vertel van 'n merkwaardige vrou.

Dis nou sewe jaar later. In 'n brief aan haar, skryf my vrou:

### “Liewe Vriendin

*Dis 26 September 2003. 'n Vriend van ons verjaar. Ons is op pad terug van Pretoria af. Dis omtrent 22:30. My man (die gemeenteleraar) se selfoon lui. Instinktief weet ek 'n laatoproep is slegte nuus. Annemè vertel huilend Mamma en oom Louw is aangeval en geskiet. Ons het warmbaadjies gaan aantrek en weggespoed na die Glynnwood-hospitaal toe.*

*Op pad soontoe het ek gemeentede*

*begin bel. 'n Magteloosheid het ons by die hospitaal begroet, want julle mediesefondskaarte word vereis. Sewe ure later, ná 'n draai by die staatshospitaal, het die ambulans by die Glynnwood-privaathospitaal aangekom.*

*Koud, verslae en stom het ek na jou vernielde gesig en lyf gekyk. Ons het mekaar vasgehou en begin bid. Net voor sonop het ons almal huiswaarts gekeer. 'n Lang en moeisame pad het begin.*

*Maar, Vriendin, jou geloof, hoop en vergewingsgesindheid sal my altyd bybly. Jy het ons lewe onherroeplik aangeraak.*

*Steeds lewe jy voluit. Steeds raak jy mense aan. Nooit, nooit is jy negatief nie. Niemand is te nietig of te onbelangrik vir jou omgee nie.*

*Jy is 'n merkwaardige vrou. Met 'n merkwaardige man en kinders. Wat 'n voorreg om jou as vriendin te kan hê! Jy vlieg voorwaar hoog!”*

Om jou as leser in die prentjie te bring: Ons vriendin en haar broer uit Londen het op hulle kleinhoewehuis se stoep gesit en kuier.

'n Groep van vyf het uit die niet verskyn en geld geëis. Annette en haar broer het opgespring om die veiligheid van die huis op te soek, maar albei is geskiet. Veral Annette is boonop wreed geskop en geslaan. Haar broer is onder die oor in die kakebeen geskiet. Hy het gemaak of hy dood is.

Annette self is agt keer op verskillende plekke geskiet. Haar oog (sy is sedertdien blind in dié oog), mond en bo-kaak moes heropgebou word. So ook verskeie plekke in haar lyf. Van die koeëlpunte kon nog nie verwyder word nie. Soms verskaf dit steeds pyn en ongemak, afgesien van die geskop en geslaan.

Ná die aanval, verskeie operasies en die hersteltyd (wat verbasend kort was), het Annette se “nuwe storie” begin.

Een van haar eerste projekte was om die polisiestasie, wat nie op die noodoproep reageer het nie, saám met ander susters van die gemeente te gaan verf en die bevelvoerder se kantoor te help versier en die tuin reg te ruk. Hulle het iets gedoen aan die poliseselle waar

verhoorafwagende swart vroue aangehou word, dikwels met klein kindertjies. Sy het ook, ten spyte van 'n baie druk program, begin met 'n weeklikse bediening in 'n plakkerskaravaankamp. *Sonder bitterheid, haat, enige eise om vergelding of wat ook al, dien sy nou in die gemeente en gemeenskap.*

Die vraag waarmee ek dus gekonfronteer is, is: Waar is God te midde van misdaad?

Annette se verhaal het my laat dink aan Paulus se woorde in Filippense 1:12: *Ek wil hê julle moet weet, dat wat my oorgekom het, juis die verkondiging van die evangelie bevorder het.*

Te midde van die geweld en die sinloosheid van aanvalle, in 'n baie donker duisternis, skyn die helder lig van geloof, vergifnis en liefde – iets van die krag van die deugde waarvan Romeine 12:9-21 praat, iets soos geloof in aksie.

Is dit dalk die antwoord op die vraag: Waar is God te midde van misdaad?

Hy is hier, by ons, deur die krag van sy Gees, deur die krag van die kruis, deur die krag van liefde wat alle verstand te bowe gaan.

In 'n ander preek in *Sal die regte Jesus*

*opstaan asseblief?* (1997: 235) skryf Johan Cilliers daar is te min van die kerk in die wêreld. Die kerk hou hom té heilig, té veilig. Eenkant in sy hoekie met sy Bybelboekie. Té besig met beuselagtighede ...

Intussen gaan die wêreld verlore! In plaas daarvan dat die kerk God se reddingstasie in die wêreld is, het dit 'n klub geword – 'n restaurant waarheen 'n mens gaan vir "goeie diens":

- 'n *Goeie preek met 'n bietjie huisbesoek daarby, asseblief. Nie te sterk vermanend nie.*
- 'n *Mooi doopdiens met 'n bietjie tee daarna vir die familie, asseblief. Nie te lank nie.*
- 'n *Begrafnisseremonie vir ons geliefde oom/tannie so en so, asseblief nie te swaarmoedig nie.*

As ons volgelinge van Christus wil wees, sal óns moet ophou om restaurantgangers te wees. Eerder gouer as later. *"Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi en die mense vertrap dit"* (Matt 5:13).

*"...(God) het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou. Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou. Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeeke julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat hy bewerk het!"* (2 Kor 5:18-20).

Ons, dit is ook: ék.

Nie soekers na gepaste spyskaartie nie, maar sout. Nie restaurantgangers nie, maar kelners, bedienaars van die versoening, gesante van Christus. Kerk en wêreld? Kerk in die wêreld. Nie van die wêreld nie.

### Waar is God te midde van misdaad?

Dit lyk my God is oral teenwoordig waar sy kinders hulle geloof oorwinnend leef! In die geloof in Jesus wat vooraf gesê het: *"Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê, maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin!"* (Joh 16:33).

**NUUT**

# HANDLEIDING VIR DIE EREDIENS

**Handleiding vir die erediens**  
**Redakteur: Ferdi Clasen**  
**Prys: R179,95**

Die *Handleiding vir die Erediens* is die nuwe liturgie-en-formulierboek vir gebruik op die kansel. Daar is talle nuwe liturgieë vir alternatiewe dienste asook bykomende formuliere. Dit is die vrug van baie jare se besinning, navorsing en eksperimentering deur 'n werkgroep wat die inligting versamel en verwerk het. Daar is ook probeer om die afgelope jare se groei in die liturgiese beweging te weerspieël.

Direkte bestellings: [bestel@bmedia.co.za](mailto:bestel@bmedia.co.za)  
Deeloproepe: **0860 26 33 42** of **0860 BMEDIA**  
e-aankope: [www.bybelmedia.co.za](http://www.bybelmedia.co.za)

